

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

1. AARD VAN OPLEIDING

Die Fakulteit Opvoedkunde aan die P.U. vir C.H.O. bied beide professionele en akademiese opleiding, beide voor- en na-gradse professionele diplomas, maar slegs gevorderde opvoedkundegrade.

Alle professionele onderwysopleiding aan die Universiteit verskil van die van die gewone opleiding vir onderwysdiplomas daarin dat dit sterker basies akademies georiënteer is en minder klem op die verwerwing van tegnieke en vaardighede laat val. As voorbeeld kan hier die U.O.D. genoem word, wat in werklikheid reeds as die eerste kursus van (as voorbereidende kursus tot) die B.Ed.-graad beskou word. Die U.L.O.D.-kursus sluit byvoorbeeld 'n aantal eerstejaars- en selfs ook tweedejaars-akademiese kursusse in.

2. VERSKILLENDE KURSUSSE

2.1 Voorgraadse onderwysdiplomas

2.1.1 U.L.O.D. (Universiteitslaerskoolonderwysdiploma)

Die toelatingsvereiste is 'n skoolleindsertifikaat met of sonder matrikulasievrystelling. Die kursus is bedoel vir onderwys in die laerskool, veral in die hoër standerds. (Ons ervaring is dat hierdie studente maklik poste in die junior

standerds van die middelbare skole bekom of daarheen gesekondeer word).

Behalwe die algemene kursus, kan vir die U.L.O.D. ook in Musiek of in Liggaamlike Opvoedkunde gespesialiseer word, d.w.s. opleiding vir gewone laerskoolklasonderwys met spesialisering in een van genoemde rigtings. In die loop van die drie jaar wat die kursus duur, word minstens 7 akademiese kursusse afgelê, soms selfs op tweedejaarsvlak, soos in Musiekgeskiedenis en Liggaamlike Opvoedkunde. In die geval van Afrikaans, Engels, Geskiedenis en Aardrykskunde is daar gelykwaardige maar toegespitste IA-leerplanne opgestel om spesifiek die akademiese agtergrondsbehoefte van die laerskool te dek.

Gegradueerdes wat hulle vir die laer onderwys wil bekwaam, word toegelaat om in hulle vierde jaar die professionele gedeelte van U.L.O.D. af te lê en so die laerdiploma te verworf.

2.1.2 Onderwysdiploma in Huishoudkunde

Toelating geskied op grond van 'n skoolleindsertifikaat met of sonder matrikulasievystelling. Die aandag moet daarop gevestig word dat hierdie kursus besonder streng akademiese eise stel en kandidate dus redelik sterk akademiese aangelê moet wees.

Hoewel nie verpligtend nie, sou Wiskunde en Biologie, maar veral Natuur- en Skeikunde vir matriek, waardevolle vakke wees. Dis selfs noodsaakliker as voorvereistes by die matrikula-

sie as Huishoudkunde self.

Die kursus strek oor vier jaar en gee 'n breë akademiese vorming saam met die professionele opleiding. So word vier kursusse in Kookkuns, twee elk in Kleding en in Huisbestuur asook een elk in Fisiologie, Mikrobiologie en Voedingsleer vereis, d.w.s. 10 gewone graadkursusse. Hierdie dames is dus baie deeglik onderlê om selfs senior werk in die vak op middelbare skool te verrig.

2.1.3 Laer Universiteitsdiploma in Musiekonderwys (L.U.D.M.)

Studente word met minstens skooleindeksamen en met 'n standaard in musiek gelykstaande aan die Gevorderde eksamen van die Universiteit van Suid-Afrika, toegelaat. Die kursus duur drie jaar en lei kandidate op vir individuele musiekonderrig waarvan skoolmusiek 'n onderdeel is.

Sodanige kandidate word vir die musiekonderwysskema in die Transvaal goed toegerus, soos ook vir dié in ander provinsies.

Hierdie diploma is ook sterk akademies-teoreties gefundeer. Die diploma kan gelyktydig met die Kerkkorrelistediploma of 'n B.Mus.-graad geneem word.

2.2 Nagraadse onderwysdiplomas

2.2.1 U.O.D. (Universiteitsonderwysdiploma)

Die voorvereiste tot toelating is 'n erkende baccalaureusgraad, soos 'n B.A., B.Sc. of B.Comm. van enige Suid-Afrikaanse Universiteit, waarin in 'n vereiste getal skoolvakke op die voorgeskrewe peil geslaag is - een skoolvak minstens op driejarige, een minstens op tweejarige en nog een ander minstens op eenjarige vlak.

Die kursus strek oor 'n akademiese jaar en is baie sterk akademies georiënteer, want dit bied toelating tot die B.Ed.-graad. Verder word die metodiek van twee skoolvakke bestudeer. Studente word dus in besonder vir onderwys aan middelbare skole toegerus.

By voorligting moet dit duidelik aan voornemende graadstudente gestel word dat hulle altyd die oog op die vereiste minimum skoolvakke moet hou, selfs al is hulle op daardie stadium nie van plan om onderwysers te word nie. Ons ervaring is juis dat hulle dikwels na onderwys oorskakel en dan eers vind dat hulle vakkeuse vir die graad onvoldoende is.

'n Vak wat ons hier in besonder wil noem, is Bybelkunde vir die graad en as metodiek vir die middelbare skool. Die Departement Bybelkunde bied selfs 'n na-uurse kursus in Bybelkunde aan. Aspirant-onderwysers wat Bybelkunde as hoofvak aanbied, is landswyd sterk in aanvraag.

Studente met 'n honneursgraad word vir die U.O.D. van sekere praktiese vakke vrygestel.

Studente wat nog een kursus vir die graad (twee kursusse in die geval van B.Comm.) kortkom, word toegelaat om dit saam met U.O.D. aan te bied.

2.2.2 U.O.D. (Voorligting)

Persone wat Sielkunde (of Bedryfsielkunde) vir B.A., B.Sc. (of B.Comm.) as hoofvak aangebied het, word tot die spesiale U.O.D.-kursus toegelaat mits hulle 'n ander skoolvak minstens op tweedejaarsvlak het. Die studente word dan van sekere praktiese vakke vrygestel om opleiding te kry in gevorderde tegnieke met betrekking tot voorligtingswerk, d.w.s. algemene skool- en beroepsvoorligting. Dit behoort die toekomstige voorligteronderwysers te lewer, 'n kategorie wat in ons land sterk sal uitbrei en in belangrikheid en aanvraag sal toeneem, veral in die volgende dekade. Indien hierdie mense die studie opvolg met toegespitste B.- en M.Ed.-grade, wag daar 'n pragtige toekoms op hulle. Hulle sal die sielkundige en voorligtingsdienste van ons onderwysdepartemente in die toekoms beman.

2.2.3 Universiteitsonderwysdiploma in Musiek (U.O.D.M.)

Hierdie diploma word saam met die B.Mus.-graad geneem om studente op te lei as onderwysers in praktiese musiek, skoolmusiek en/of kerkmusiek. Dis die mense wat die leerlinge vir musiek as skoolvak tot matrikulasie sal voorberei, wat gewone

musiekonderrig aan indiwiduele leerlinge kan verskaf en wat die skoolmusiek kan behartig.

2.2.4 Universiteitsonderwysdiploma in Beeldende Kunste (U.O.D.K.)

Presies in ooreenstemming met Musiek, kan hierdie diploma ook saam met B.A.(B.K.) aangebied en verwerf word. Kandidate met hierdie kwalifikasie kan die kunsonderrig tot op matrikulasievlak aan hoërskole behartig.

2.2.5 Universiteitsonderwysdiploma in Skoolbiblioteek- kunde

Hierdie kursus wat hopelik van 1971 aangebied sal word, lei studente op om sowel vakonderwysers in een skoolvak te wees as biblioteekonderwysers wat alle aspekte van die skoolbiblioteek kan behartig.

2.2.6 Opleiding in verskeie ander spesialiseringstings wat deur onderwysdepartemente vereis word, word nou beplan vir implementering in 1972.

2.3 Onderwysgrade

2.3.1 Eerste grade

Die P.U. vir C.H.O. bied 'n geruime tyd al die eerste opvoedkundige graad B.Sc.(Huishoudkunde)(Onderwyskeuse) aan.

Dis 'n 4-jarige graad waarvan die eerste drie jaar aan huishoudkundige kursusse gewy word en die vierde jaar hoofsaaklik aan die U.O.D.-kursusse plus Kleding III (of Voedingsleer II). Kandidate met hierdie kwalifikasie is opgelei as huishoudkundiges en onderwyseresse. Hulle beklee gewoonlik die senior poste aan ons middelbare skole en kan die vak op skool ook basies wetenskaplik benader.

Ander eerste opvoedkundige grade sal oorweeg word na gelang die vraag daarna dit regverdig.

2.3.2 Hoër grade

Ons noem slegs die B.Ed.-, M.Ed.- en D.Ed.-grade wat hier verwerf kan word. As voorvereiste vir B.Ed. geld enige eerste Baccalaureusgraad plus die U.O.D. van die P.U. vir C.H.O. of van enige ander Suid-Afrikaanse Universiteit. Indien 'n gegradueerde in besit is van enige ander professionele kwalifikasie, word vyf jaar onderwyservaring of 'n aanvullingseksamen as voorvereiste gestel.

Daar is etlike spesialiseringsrigtings vir die graad B.Ed. soos algemeen; klinies-sielkundig wat slegs voltyds geneem kan word deur persone met Sielkunde as hoofvak; voorligting, waar die voorvereiste ook Sielkunde III en verkieslik U.O.D. (Voorligting) is; metodiek, waar gespesialiseer word in die didaktiese rigting met of sonder 'n skoolvak as spesialiteit; liggaamlike opvoedkunde, vir diegene met L.O. III en U.O.D.; remediërende onderwys.

Aan hierdie Universiteit studeer meer as 100 studente nagraads in die Opvoedkunde, sodat die invloed op die onderwys van die Republiek wat hiervandaan uitgaan, seker nie te versmaai is nie. Dit word verder beklemtoon as mens daaraan dink dat diegene met die hoër opvoedkundige grade meestal aan die spits van die onderskeie departemente se onderwysorganisasie en -praktyk staan. Voeg hierby ons uitgesproke Calvinistiese benadering van opvoeding en onderwys, dan word die geweldige rol en verantwoordelikheid van die Fakulteit Opvoedkunde duidelik.

4. BEURSE

Studente vir voor- en nagraadse diplomas kom vir merietetoekennings in aanmerking soos studente in die ander fakulteite. Hierbenewens is daar beurstoekennings wat deur private instansies geskenk en deur die P.U. beheer word. Leningsbeurse van provinsiale owerhede is volop beskikbaar.

LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE

1. INHOUD VAN HIERDIE VAK

Alhoewel die Liggaamlike Opvoedkunde reeds baie eeue lank beoefen word, het dit eers gedurende die afgelope vyf-en-twintig jaar in Suid-Afrika opgang begin maak. Op skool word slegs 'n deel van die praktiese afdeling van die Liggaamlike Opvoedkunde aangebied in die vorm van gimnastiek, swem, atletiek en spele. Hierdie vak bestaan egter uit twee hoofafdelings, wat elkeen onderverdeel kan word. Die twee hoofafdelings is die teoretiese deel - die Liggaamlike Opvoedkunde - en die praktiese deel - die Liggaamlike Opvoeding.

1.1' Teoretiese deel

Hierdie afdeling kan in agt onderafdelings ingedeel word wat dan sowel 'n akademiese as 'n professionele opleiding behels. Die onderafdelings is die volgende:

die geskiedenis van die Liggaamlike Opvoedkunde van die primitiewe volke tot en met die moderne strominge en tendense;

die grondslae en grondvraagstukke, waar veral gebruik gemaak word van feite en kennis wat deur die sg. hulpwetenskappe van die Liggaamlike Opvoedkunde versamel is, soos Fisiologie, Biologie, Meganika en Higiëne aan die natuurwetenskaplike kant en Filosofie, Sielkunde, Sosiologie en Opvoedkunde aan die geesteswetenskaplike kant;

die fisiologie, soos toegepas in die Liggaamlike Opvoedkunde, bv. die invloed van oefening op die hart, bloedsomloop, asemhaling, spiere, beendere, senuweestelsel en gerigte;

gesondheidsopvoeding, veral t.o.v. vraagstukke soos atletiese voete, voet- en huidaandoeninge, suiwering van swembaddens;

toetsing en meting van liggaamlike moontlikhede soortgelyk aan 'n I.K.-toets vir die bepaling van psigiese moontlikheid, die meting van liggaamlike bekwaamhede soos krag, snelheid, uithouvermoë, koördinasie en die ontwikkelingspeil van die mens t.o.v. sy potensiaal; die metodes vir die samestelling van sodanige toetse en die statistiese berekening van versamelde gegewens;

metodiek van die Liggaamlike Opvoedkunde wat onder die professionele opleiding val en besondere aandag geniet;

noodhulp, korrektiewe gimnastiek en massering;

administrasie en organisasie van Liggaamlike Opvoedkunde wat 'n deeglike studie van bv. organisasie van sportbyeenkomste en die aanleë en uitmeet van sportvelde insluit.

1.2 Praktiese deel

Dit sluit die bestudering en beoefening van die volgende aktiwiteite in:

gimnastiek, met klem veral op die ritmiese gimnastiek by dames en toestelgimnastiek by mans;

swem, reddingswem en waterspele;

atletiek;
georganiseerde spele soos tennis, hokkie, bofbal,
hoogsiet, krieket en die jongste metodes van selfverdediging;
kleinterreinspele.

1.3 Die student ontvang opleiding in die tegniek, metode en reëls van die bg. aktiwiteite. Hulle tree as beamptes in die verskillende sportsoorte op en kry geleentheid om as beamptes vir sekere sportsoorte te kwalifiseer. Verder word van die student verwag om 'n voorbeeldige demonstrasie van bo-gemiddelde standaard in die praktyk te kan lewer. 'n Onderzoek in Suid-Afrika het bewys dat studente wat 'n kursus in Liggaamlike Opvoedkunde voltooi, gemiddeld heelwat fikser is en hoër presteer (in krag, snelheid en uithouvermoë) as studente wat gereeld aan kompeterende sportsoorte soos voetbal, atletiek, hokkie, tennis en stoei deelneem.

2. DIE VAK VIR DIE B.A.- OF B.Sc.-GRAAD

2.1 Hoofvakkombinasies

Liggaamlike Opvoedkunde kan as hoofvak vir die B.A.- of die B.Sc.-graad geneem word, afhangende van die keuse van die tweede hoofvak en die byvakke. Dit kan met enige skoolvak, soos Afrikaans, Engels, 'n Bantoetaal, Duits, Wiskunde, Chemie, Geografie, Geskiedenis, Fisika, Plantkunde of Dierkunde gekombineer word, asook met vakke soos Fisiologie, Sosiologie, Volkekunde of Perswetenskap, na gelang van die oogmerke wat met die Liggaamlike Opvoedkunde nagestreef word.

2.2 Byvakkombinasies

'n Verpligte byvak is Fisiologie, vir die B.Sc.- en òf Sielkunde òf Sosiologie òf Maatskaplike Werk vir die B.A.-rigting.

2.3 Skoolopleidingsvereistes

Geen besondere vakke word vereis nie.

2.4 Aanleg

'n Goeie motoriese moontlikheid is tot groot hulp, maar word nie as 'n keurmedium gebruik nie. Persone met liggaamlike gebreke kan nie die kursus volg nie.

2.5 Beskikbare beurse

Beurse en lenings word deur die Universiteit asook deur die onderwysdepartemente beskikbaar gestel.

2.6 Beroepe

'n B.A.- of B.Sc.-graad met Liggaamlike Opvoedkunde as een hoofvak, bied werkgeleenthede as onderwysers, ontspanningsbeamptes by industrieë, myne en munisipaliteite; saam met Perswetenskap is daar ruim arbeidsgleenthede by byvoorbeeld die dagblaaie en die SAUK; saam met Bedryfsielkunde bied dit geleenthede as personeelbestuurders in nywerhede, myne en indus-

trieë. Dit open ook loopbane as instrukteurs in die weermag, polisie en gevangeniswese en as organiseerders van Liggaamlike Opvoedkunde in die onderwysdepartemente vir blanke-, bantoe- en kleurlingskole. Die Departement Sport en Ontspanning is 'n nuwe rigting wat werksgeleenthede skep. Saam met Bantoele bied dit ruim arbeidsvelde as welsynsbeamptes by die meeste nie-blanke woongebiede.

3. NAGRAADSE STUDIE (Honns.B.A., Honns. B.Sc., B.Ed.(Ligg.Opv.), M.A., M.Sc., M.Ed., D.Phil., D.Sc., D.Ed.)

3.1 Vir die honneursgrade word die terrein van die voorgraadse studie aansienlik uitgebrei en verdiep. In die praktiese afdeling word daar in twee afdelings gespesialiseer.

3.2 Vir die M.A., M.Ed., M.Sc. en die D.Phil., D.Ed. en D.Sc. word gespesialiseer in een van die onderafdelings wat vir die teoretiese Liggaamlike Opvoedkunde aangebied word. Van die belangrike terreine van navorsing is die terrein van die toetsing en meting, toegepaste sportfisiologie, rekreasie en vryetydsbesteding en die geskiedenis van die Liggaamlike Opvoedkunde, waarin alreeds werk van besondere belang deur die Departement Liggaamlike Opvoedkunde van die P.U. vir C.H.O. gedoen is.

3.3 Byvakvereistes

Die vereistes word vir die voorgraadse studie vasgelê.

3.4 Vereistes

Studente moet liggaamlik gesond en sonder gebreke wees.

3.5 Beroepe

Almal genoem onder die B.A.- of B.Sc.-graad. Persone met 'n hoër kwalifikasie ontvang die beste betrekkings, wat vanselfsprekend hoër salarisskale meebring.